



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 258

4 Mei 2009

TOULEIER



Kamermaatjie maak 'n punt



Ek sit hierdie Sondag hier duskant die duine in Doha by die werk en luister na RSG se Sondagversoeke. Leon Van Nierop is juis aan 't praat oor die wonder van die internet wat ons so maklik en wyd aan mekaar verbind hou.

Amper soos *Kammanuus*. Klink so normaal, klink so naby. Tog is dit baie lekkerder om die honger van die vel egte regte vatkos met so 'n stewige drukkie te gee: Een wat 'n mens kan voel. So lekker *rondom*, nie soos daai Sandton-kugels wat so "mwah, mwah" in die wind by mekaar verby soen as hulle groet nie. Dis skoon asof varkgriep al lankal n uitgemaakte saak is onder hulle.

Dan kan 'n mens maar net sowel hier oorsee wees en boodskappies stuur, nè? Ek sit toe die daad by die woord en stuur 'n boodskappie aan my mense, wat terloops op reis is êrens tussen niks en nêrens daar by die Vanderkloofdam verby.

Van rondrits gepraat, julle sal onthou dat ek al 'n keer of twee gesels het oor die verkeer hier in Doha, en hoe als omtrent deur verkeersirkels beheer word. Daar is 'n middelmannetjie in elke groterige pad wat jou forseer om baie mooi te beplan oor hoe jy by 'n plek oorkant die straat gaan uitkom.

Gelukkig kan 'n mens by die meeste verkeersligte kortom draai – dis wettig hier. Die probleem is natuurlik dat sulke stelle ligte ver uit mekaar is dat en jy vir ewig wag by so 'n verkeerslig. Hier gee hulle aan elke windrigting se verkeer sy eie beurt om te ry. Jy wag dus vir ten minste drie ander groepe voordat jy jou beurt kry. En as verkeer dik is, wag jy somer 'n paar keer by dieselfde lig.

So vat ek toe mos vir Kamermaatjie dokter toe in een van daai besige strate, een met verkeersligte. Ek stress so effe, want net voordat ek haar oplaai, kom die geel brandstofswaarskuwingsliggie aan. Nie dat dit 'n probleem is nie, want hier kan jy nog volmaak vir onder die R100. Net nie tyd gehad om dit te doen nie.

Die kliniek is aan die ander kant van die pad, jy ry eers verby tot by die volgende verkeerslig. Daar gaan maak ek toe mos twee ligte te vroeg 'n gatomkeer. Kwaad vir myself, maar maak of dit Kamermaatjie se skuld is. Sy moenie so klets as ek moet konsentreer nie!

Gaan draai ons weer daar onder in die straat halfpad huis toe. En die liggie brand nou somer helder geel hier onder die petrolwyser. Kneukels word wit. Wat gemaak as ons nou in die verkeer sonder petrol gaan staan? Dit nog in 'n land waar hulle die goed maak!

Ek kan skaars my oë van die geel liggie afhou. Raak ons weer aant gesels en wragtig, daar draai ek weer te vroeg! Kan een mens só dom wees? Weer in die rigting van die huis. Daar word min gepraat. Verbeel ek my, of het die kar nou net so effe gesluk? Stilbiddend vorder ons van een verkeerslig na die ander. Die liggie brand nou of hy betaal word.

Groot is die verligting toe ek haar voor die kliniek aflaa. Aan die kant van die pad het ek met een van my omdraaie 'n vulstasie gesien. Dis 'n hele ent, en weer is dit tiekie-pennie totdat ek ek veilig by 'n pomp stilhou.

Ná die dokter sit ons af om te gaan inskeep aan Germaanse bruisdrankies en Skotse distillaat.

Parkeer ek en Kamermaatjie by die enigste drankwinkel in Doha reg agter 'n ander Saner se motor (SA vlaggie op die kattebak).

Daar verloor ek toe somer my hele argument oor hoekom ek 'n SA vlaggie op my kar se agterent het. Reken ek mos dat ander Saners kan sien ek is óók een.

"Vir wat?" wil sy weet, "Sodat almal kan sien dis omtrent net Saners wat kom drank koop?"

Moes toe erken sy het 'n punt. So met die uitklim probeer ek stilletjies die dem vlaggie afkrap. Die fel son het hom egter nou al só vasgebak dat hy maar saam met kar verkoop gaan word.

Ek is begrandmerk tot ek eendag nuwe wiele gaan aanskaf.

Hennie Greeff

Doha, Katar



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Stortkop kan van Oom John leer

ROELFIE onthou mos weer hierdie week weer 'n storie wat van oudpremier John Vorster vertel word.

Oor 'n adjunk-minister in sy kabinet wat konstand droogge-maak het en bra onbevoeg was. Oom John verplaas hom toe stilletjie na 'n konsulaat in die weste van Amerika (let hier op die geografie).

'n Week of wat later vra 'n politieke joernalis vir hom wat dan van so-en-so in sy kabinet geword het.

"Ek het hom weggestuur," antwoord Oom John. En toe vervolg hy op sy droë, afgemete manier: "As ek hom verder weggestuur het, dan was hy weer nader."

En wat laat Roelfie aan hierdie storie dink? Die feit dat Jakob Stortkop op 6 Mei sy nuwe kabinet moet aanwys. En Roelfie hoop dat hy mense soos Mango Sjokolade-Piesang, Anakonda Vierbal van gevangenisdienste, Liewe Lulu van landbou en daai antie van binnelandse sake ook ver weg stuur.

► **Net jammer Mars is so naby.**

❖ Bly liewer uit die hof uit!

JAKOB was hoogs ontsteld - en wou met alle geweld dagvaar - toe Simon Jenkins hom onlangs in 'n Britse koerant beskryf het as 'n "veelwywerige, Zoeloe-baas met 'n luiperdvel om sy lyf" en as "net nog 'n Afrika-politikus vir wie die mag nie oor regeer gaan nie, maar oor persoonlike verryking."

(Hierby wil Roelfie graag voeg: En as 'n manier om uit die tronk te bly, en sy misdadige kamerade ook uit te hou.)

Maar wat Jakob glo éérs ontstel het, is die stukkie wat lui: "Diegene wat met Suid-Afrika verhoudinge het, sal maar gewoon moet word aan Zuma se regeerstyl: moreel besoedel en administratief chaoties en korrup."

Nou wil Roelfie in sy versierendheid vir die president-in-wording afraai om in die hof te loop staan. Dis die soort plek waar al die beweringe en getuienis wat ooit oor jou gemaak is, weer met 'n mes oopgesny en aan die groot klok opgehang gaan word.

► **Jy gaan in elk geval al jou dae nodig hê om die gemors van die afgelope 15 jaar op te los.**

❖ Het Foolius die Kaap verloor?

NOU ja, die jongste volkstelling is agter die rug, en die Kaap is weer Hollands - soort van, danksy die bruin stem en ondanks die deelname van die ANC Light, oftewel Cope-party.

Roelfie het drie teorieë vir Tante Helen se sege:

[1] Die volkiesraad se slapers en misdadigers (insluitende Winnie) hou daarvan om in 'n skoon stad wat redelik goed bestuur word te vergader. [2] Hulle voel nou dis heel wys om nóg duisende

kamerade uit die mislukte Voos-Kaap te laat migreer, want hulle weet nou in Wes-Slaapland regeer 'n party wat huise kán bou. [3] Foolius Dilemma (skets), leier van die ANC se Sandputkinders se besoek aan Slaapstad het sy party baie stemme en setels gekos.

► **Of dalk is dit 'n kombinasie van al drie teorieë. Of altemit het baie Slape-naars se oë net uiteindelik begin oop gaan.**



❖ Nee vir 'n Mandela-dag

OPROEPE vir 'n wêreldwye Mandela-dag is vir Roelfie darem net te dik vir 'n daalder.

Ja, hy was 'n slu en skerpsinnige politikus en dinge kon dalk anders verloop het as hy vroeër vrygelaat is. Maar hy was ook 'n dissipel van blindelingse regstelaksie - en kyk met watse gemors sit ons nou!

Dan het hy voor die verkiesing ook sy openbare steun toegesê aan 'n party wat floreer op middelmatigheid, korrupsie en die verheerliking van veroordeelde misdadigers.

► **Miskien moet meer mense die feite na die oë begin sien.**

❖ Vlieënde varke

DIE beste manier waarop Jakob Stortkop die mense wat vir hom gestem het kon beloon, sou gewees het as hy gesê het: "Nee, kom ons hou 'n klein inhuldiging en gebruik die R75 miljoen vir die armes." Maar dit sal seker eers gebeur as varke vlieg.

Van varke gepraat: Ons departement van siektes sê die varkgriep sal ons nie raak nie.

► **Roelfie hoop net hulle weet dit word deur menslike kontak oorgedra - nie deur varke wat vlieg nie.**

Allegaartjie

IN BANGKOK

. . . is die motorfiets 'n voertuig vir die hele familie



VRAE EN ANTWOORDE VIR OOR-50'S

Waar kry mans ouer as 50 jong, sexy meisies wat in hulle belang stel?	Probeer 'n boekwinkel. Gaan na die rak gemerk fiksie.
Wat kan 'n man doen as sy vrou deur menopause gaan?	Bly besig. Rig die kelder in sodat jy 'n blyplek het.
Hoe kry jy jou 50-jarige man se hartklop vinniger?	Sê vir hom jy is swanger.
Hoekom moet mense oor 50 'n motorwag gebruik om te parkeer?	Want hulle vergeet nie waar jy geparkeer het nie.
Slaap ouer mense rustiger?	Ja, maar meestal smiddae.
Wat sê die oor-50's as hulle in 'n oudhede-winkel kom?	Sjoe! Ek onthou hierdie goed!
Waar soek mense oor 50 na hul bril?	Meestal op hul voorkoppe.



HUWELIKSGEHEIM

Mense vra my soms wat die geheim van ons lang huwelik is. Ons gaan gereeld twee keer per week na 'n restaurant. 'n Bietjie kerslig, ete, sagte musiek en dans. Sy gaan Dinsdae, ek gaan Vrydae.

GOEIE SÊGOED

Ek het altyd gedink ek is besluiteloos, maar nou is ek nie meer seker nie.

-- Howard Hofman

Almal het 'n fotografiese geheue, maar nie almal het film nie.

-- Steven Wright

As jy hulle nie kan oortuig nie, moet jy hulle probeer verwar.

-- Harry Truman

Dis mos nou hoe 'n sambreel moet lyk!

BREINBOELIE

1, 2, 6, 42, 1806 . . . wat is die volgende syfer?

Gaan plaas jou antwoord op www.onsdorp.com/boelie.html

Jou korrekte antwoord is die wagwoord. Daar maak dan 'n lys oop waarop al die slimmes hul name kan plaas!

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Rebellie se saadjie al jare tevore gesaai

Sekerlik die tragiesste gebeurtenis in die geskiedenis van die Afrikaanssprekende deel van Suid-Afrika se bevolking in die 20ste eeu was die Rebellie van 1914.

Broer het op broer geskiet. Krygsmakker het nou op krygsmakker uit die dae van die Anglo-Boereoorlog geskiet.

Die bevelvoerder van die Vrystaatse krygsmagte in die Anglo-Boereoorlog, genl. Christiaan de Wet, het die rebellemagte gelei teen die regeringsmagte onder leiding van die kommandant-generaal van die destydse Transvaalse magte in die Anglo-Boereoorlog, genl. Louis Botha.

Alhoewel latere Afrikaner-historici die oorsaak van die rebellie bly soek het by genl. Botha se insiklikheid teenoor die Britse kroon, moet die ware rede waarskynlik veel dieper gesoek word.

In September 1900 was die destydse Transvaalse regering onder leiding van pres. Paul Kruger bereid om vredesonderhandelinge met die Britse magte aan te knoop.

Die destydse Vrystaatse regering, wat te velde was onder die leiding van pres. M.T. Steyn, het hewig beswaar gemaak teen dié denkrigting. Die Vrystaters het Kruger oortuig om in ballingskap te gaan en Botha oortuig om die oorlog voort te sit.

Sedert daardie dag het daar 'n vertrouensbreuk tussen die twee groepe ontstaan. Hierna het die Transvalers onder die leierskap van die sjarmante en flambojante Botha gestaan. In die Vrystaat het die stoere, kortgebonde guerrillavegter De Wet die leiding geneem. Dit was 'n resep vir moeilikheid.



LOUIS BOTHA

Ná die oorlog het Botha en De Wet saam met genl. Koos de la Rey in Europa steun vir die ekonomiese heropbou van die Boererepublieke gaan soek. De Wet het gedurende die toer bly kla oor sy persoonlike geldelike verknorsing en voor die beplande einde van die toer reeds na Suid-Afrika teruggekeer.

Voor De Wet se terugkeer het die driemanskap 'n besoek aan Kruger gebring. Kruger het De Wet gegroet met die woorde dat hy besonder goed daar uitsien en waarskynlik niks daarmee bedoel nie. De Wet het hom egter bloediglik vervies en teruggekap: "Ja, president, maar jy sien self nie sleg daaruit nie. Lekker dik en vet."

Botha en De la Rey het De Wet se oneerbiedige optrede teenoor die ikoniese Kruger spraakloos gadeslaan.

Die saadjie vir die tragedie wat hom 12 jaar later sou afspeel, het daardie dag ontkiem. De Wet het Kruger en Botha en Transvaal verkwalik vir sy persoonlike probleme en hulle nooit daarvoor vergewe nie.



SEEP was reeds drie maande ná die uitbreek van die oorlog skaars.

In die guerrillafase, toe elke kommando vir sy eie kos moes sorg en die winkels se voorrade uitgeput was, was die seeptekort nog erger.

In Oktober 1900 skryf 'n burger in Wes-Transvaal in sy dagboek dat hy "'n hele leër" seepvriende het.

Wanneer hy besig is om homself of sy klere te was, kom daar van oral burgers wat sy seep wil leen, want dit was by hulle so skaars soos medisyne.

Plaasvervangers vir seep was die as van mieliestronke wat as soda gebruik is vir die maak van seep, en 'n rankplant waarvan die blare skuim maak en in die plek van seep gebruik is.

Dit was waarskynlik die elandsdoring, wat volgens die botanikus A.C. Smith vir hierdie doel op kommando aangewend is.

Bron: Op Kommando, deur Fransjohan Pretorius.



Dié week se giggels

Stuur jou humor aan pos@onsdorp.com en merk dit GRAPPIES

KENNISGEWINGS

Spreekkamer in Rome:

Spesialis in vroue- en ander siektes.

Droogskoonmaker in Bangkok:

Los jou broek hier vir die beste resultate.

Restaurant in Nairobi:

Klante wat dink ons kelnerinne is ongeskik, moet ons bestuurder sien.

Padteken tussen Nairobi en Mombassa:

LET WEL: As hierdie padteken onsigbaar is, is die pad onbegaanbaar.

Kennisgewing in 'n restaurant in Ierland:

Ons is oop sewe dae 'n week en naweke.



OMGEKEERDE ROLLE



VERSKONING

Watter verskoning het Adam aan sy kinders gebied dat hulle nie meer in die paradys woon nie?

"Jul ma het ons uit huis en hard geëet."

PERFEKTE SPEELDING

Selfs met 'n duisend speletjies, aksiehelde, boublokstelle en ander speelgoed kon die vrou niks by die speelgoedwinkel vir haar kleinseun kry nie.

"Miskien 'n video of iets opvoedkundigs?" stel die assistent voor.

Maar sy wil ook nie hieraan byt nie, en hulle stap met die gangetjies op en af totdat hy 'n lasergeweer met flitsende ligte en 15 skril sirenes vir haar demonstreer.

"Dis perfek!" roep sy met 'n stralende gesig uit. "My skoondogter sal hierdie speelding háát!"

KRIEKET

Die eerste familiejuweel-beskermer is in 1874 in gebruik geneem. Die eerste kopskerm is in 1974 gebruik.

Dus het dit mans 'n eeu geneem om te ontdek dat hul brein ook belangrik is - en waar hy sit.

BELEDIGINGS MET STYL

- Argument tussen Churchill en Lady Astor: Sy: "As jy my man was, sou ek jou gif gegee het."

- Hy: "As jy my vrou was, sou ek dit gedrink het."

- 'n Lid van die parlement aan Benjamin Disraeli: "Meneer, jy sal of aan die galg sterf, of van een of ander onnoembare siekte."
- Disraeli: "Dit hang af, meneer, of ek jou beleid of jou vrou omhels."

- "Hy het hallusinasies gehad dat hy opgewasse is." - Walter Kerr.

- "Ek voel so mislik sonder jou. Dis amper asof jy hier is." - Stephen Bishop.

OUERDOM

Dis frustrerend wanneer jy al die antwoorde ken, maar niemand doen die moeite om die vrae te vra nie.

Breinselle kom en gaan, maar vetselle leef vir ewig.

Die ouderdom bring nie altyd wysheid nie - soms kom hy alleen.

Die dood en belasting sal altyd met ons wees.

Die verskil is die dood raak nie elke jaar erger nie.

SEPPIE deur Greg en Mort Walker





Duskantlanders in Anderkantland



Amerikaners is verslaaf aan koffie!

Die rubrieksrywer **DAVID BIGGS** op toer in Kanada.

OMTRENT al die motors en vragmotors in Noord-Amerika kom met outomatiese ratkaste uit die fabriek. Ek is vertel dat jy 'n spesiale inskrywing op jou rybewys moet hê as jy 'n kar met 'n handrat wil bestuur (hulle noem dit 'n *stick-shift*.)

Ons Suid-Afrikaners word met iets wat aan eerbied grens behandel as ons erken dat ons met *stick-shifts* grootword.

Ek het lank gedink dis net 'n bewys van hoe lui die Amerikaners en die Kanade-se is, maar ek het op my reis dwarsoor Kanada van opinie verander.

Ek dink nou dit het alles met koffie te doen. Noord-Amerikaners drink emmers-vol flou koffie per dag.

Jy sien hulle in besige strate klouende aan halfliter geïsoleerde koffiehousers. Elke motorhawe het koffie-vulstasies waar die housers weer vol gemaak kan word.

Voertuie kom met koffiebeker-housers vir elke passasier, net om te sorg dat niemand op 'n lang rit buite bereik van daardie alomteenwoordige koffiehouer is nie. En ek dink dit maak dit noodsaaklik dat hul karre outomatiese ratkaste moet hê.

Dis moeilik om van 'n verkeerslig af weg te trek as jy 'n koffiehouer in jou een hand het en die rathefboom met die ander hand moet aktiveer. Met 'n outomatiese motor kan jy glad wegtrek sonder om jou beker eenkant te sit of 'n druppel te mors.

Ek dink dis ook hoekom Amerikaners se voertuie se stuurwiele aan die linkerkant sit. Dis om die koffiehand vry te hou.

In Suid-Afrika is ons omtrent net so aan ons selfone verslaaf as die Amerikaners aan hul koffie wanneer hulle bestuur. Miskien sal ons paaie veiliger wees as al ons motors linkerstuur het.

□ □ □

EEN van die dinge wat my in Kanada opgeval het, is die feit dat hulle gewoonlik geweldig trots is op hul land en die feit dat hulle Kanadese is. Elke Kanadese dorpie - maak nie saak hoe klein nie - het iets waarvoor hy spog.

Ons het nou die dag deur die dorpie Merritt in Brits-Columbië gery. Hy is omtrent so groot soos my ou tuisdorp, Colesberg. Maar Merritt spog dat hy die Kanadadese Hoofstad van Musiek is.

Die iwoners hou elke jaar 'n country-fees en oral is daar groot muurpanele met country-sangers.

Daar is ook 'n Stap-met-die-Sterre-wandelpad waar jy 'n gemerkte spoor kan volg wat bestaan uit brons-sterre wat in 'n muur gemonteer is, kompleet met 'n afdruk van die sanger se handpalm en handtekening.

Ek het gewonder of Suid-Afrikaanse dorpies nie dié voorbeeld kan volg nie. Wat daarvan as Grabouw besluit hy is die Boerewors-Hoofstad, en dan 'n jaarlikse braai-kompetisie daar hou? Hulle kan selfs 'n Boerewors-boog by die dorp se ingang oprig.



KANADA is die tuiste van 33 miljoen mense van wie 80% wit en hoofsaaklik Engels (21%), Frans (16%), Skots (15%), Iers (14% en Duits (10%) is. Die amptelike tale is Engels (67% van die bevolking praat net Engels) en Frans (13%). Kanada is in totale grootte (watermassas ingesluit die wêreld se tweede grootste land (naas Rusland). Hy is, gemeet aan per kapita inkomste, ook een van die rykste lande. Van die Franssprekendes woon 85% in die provinsie Quebec, wat Toronto en Montreal insluit.



MAKERIEPAS

Klasie en die klappers

Deur Wessel Ebersohn



As deel van ons opleiding moes ons leer van landmyne, antipersoneel-myne en allerhande ander doodmaakgoed.

Die lesing is gegee in dieselfde saal waar Voëltjie sy ding gedoen het en langs die kante en agter in die saal is onskadelik gemaakte myne uitgestal.

Die kursusleier was 'n luitenant van 8 SAI op Upington en bekend aan baie van ons. Ons het geweet hy's 'n regte stoutgat en gaan sy kans benut om ons 'n streep te trek.

Die lesing was baie boeiend en ons het in verwondering gekyk hoe vindingryk die mens kan wees in sy poging om ander mense dood te maak.

In 'n stadium vra hy iemand moet vir hom een van die landmyne agter in die saal vorentoe bring. Soos dit moes gebeur, spring Klasie op om te help.

Klasie was 'n verskriklike senuweeagtige klas mens en kon vir die geringste ding sy bies wegstreek, maar was 'n gedienstige soort mens wat altyd reggestaan het om te help.

Hy gryp die grootste myn, maar toe hy die ding ophang is daar 'n helse slag! Hy gooi die myn eenkant toe en storm deur die saal dat die stoele in alle rigtings spat, uit by die ander deur!

Dit het mooipraat gekos om hom te oortuig dat dit net 'n onskadelike klapper was wat die luitenant onder die myn geplant het.

Hier so halfpad deur die aanbidding is daar 'n *smoke break* aangekondig en is die manne genooi om die uitgestalde granate en bomme en goeters te bekijk.

Nou kry jy mos 'n klas man wat altyd probeer om vernaam en belangrik te lyk, en 'n paar beure vorentoe om te wys hoe groot hulle belangstelling is. Toe daardie eerste antipersoneel-myn op die lessenaar opgetel word, dreun dit weer deur die saal en die manne gee rats pad.

Buite was dit ook nie anders nie. Die wetter van 'n luitenant het die hele plek ge-*boobytrap*: onder die gras, agter deure, en selfs die heining was onveilig en ontploffings het oral opgeklank.

"Sien julle hoe maklik dit is om bomme te plant? Die tema van julle opleiding is stedelike terreur en in 'n werklike situasie moet jy elke oomblik op jou hoede wees."



Klasie het heeltyd teen die muur gestaan en nie 'n tree gegee tensy dit in die spore van 'n ander ou was nie.

Die vlootoffisier en 'n admiraal is in 'n barbierwinkel en is pas geskeer toe die barbier naskeermiddel aan hul gesigte wil smeer. Die admiraal protesteer: "Haai! Los daai goed! My vrou sal dink ek was in 'n bordeel!"

Die vlootoffisier draai na die barbier en sê: "Gaan voort, smeer aan. My vrou het geen idee hoe die binnekant van 'n bordeel ruik nie."

HOEKOM IS TROUROKKE WIT?

"Ma, hoekom is alle trourokke wit?"

"Dis wys aan jou vriende en familie dat jou bruid rein is."

Die seuntjie besluit om dieselfde vraag aan sy pa te vra.

Die pa het verbaas opgekyk, en antwoord: "Seun, alle huishoudelike toestelle kom in wit."

GRATIS FAKS-DIENS

Hier is 'n gratis diens wat soms goed te pas kom: Kry jou eie faksnommer en ontvang 'n faks as 'n e-pos boodskap.

Sluit aanlyn aan: <http://www.faxemail.co.za/freef2em/index.cgi?Dealer=137> of stuur e-pos aan admin@intelli-info.co.za

Dit geld ook lande soos Katar, VAE, Taiwan, Saoedi-Arabië en Brittanje.



AFRIKAANS is mos my taal

Vanaand gaan die volkies koring sny

Al gewonder hoekom in die koue, donker nag? En hoekom hang die geliefde in die bitterbessiebos?

Pieter Fourie van Bloemfontein verklaar dit só:

"Toentertyd, voor meganisasie, toe daar nog met sekels in die Wes-Kaap koring gesny is, het die werkers (toe volkies genoem) elkeen 'n vak gekry om in oestyd af te sny. Om die koring betyds van die lande af te kry, is daar soms saans koring gesny by die lig van lanterns wat op lang stokke in die grond gestee is.

"Om die volkies aan te moedig om nie te laat slaplê nie en klaar te maak voordat dit dou, is 'n bottel vuurwater op die oorkantse punt van die koringland aan 'n bitterbessiebos gehang. Die eerste een wie se vak klaar gesny is, kon dié bottel kry.

"Nou, terwyl die volkies gesny het, het hulle spontaan gesing, en ook hulle eie liedjies gemaak. Toe die groot dors hulle naderhand vat, begin hulle die bottel vuurwater, wat daar aan die einde van die land aan 'n bitterbessiebos wag, "my geliefde" noem. Dit verklaar die woorde van die liedjie.



So 'n bietjie PITKOS

DIE suidste, eensaamste, koudste en eensaamste stukkie van Duskantland is die SANA E IV-basis in Antartika (foto).

Die basis is gebou by Vesleskarvet, 'n nunatak, wat beteken dit is 'n rotsagtige dagsoom (rotsrif) wat bokant die ysoppervlakte uitsteek.

Die basis bestaan uit drie aaneengeskakelde dubbelverdieping-eenhede wat elk 14 m x 44 m groot is. Al drie eenhede is 3.5 meter bokant die nunatak gelig. Die struktuur is in 'n windtonnel getoets vir die beste vorm en verhouding.

Die basis kan 20 oorwinteringslede en 60 oornamepersoneel vir die somer huisves. Kommunikasie tussen SANA E en die res van die wêreld sluit in telefoon, faks en internet asook hoëfrekwensie radio en satellietfoon.

Kammanuus het 'n e-pos aan die basis gestuur, en An-Lun Huang het terug laat weet hulle luister ook op die internet na rugbykommenaar. Met sy skrywe was die buitetemperatuur -40 °C.

Noorweë het hom in 1959 aan sy basis in Koningin Maud-land onttrek. Suid-Afrika het die Antarktiese Verdrag op 1 Desember 1959 onderteken en die eerste Suid-Afrikaanse ekspedisie het op 'n Noorweegse skip vertrek en die basis op 8 Januarie 1960 in besit geneem.



ANTARKTIKA is 14 miljoen vk km groot en is die vyfde grootste kontinent. Ongeveer 98% van die oppervlakte is met 'n yslaag bedek wat gemiddeld 1.6 km dik is.

Die kontinent word as 'n woestyn geklassifiseer, met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 200 mm langs die kus en 10 mm by die Suidpool. Sy "bevolking" wissel van een- tot vyfduisend mense in navorsingstasies dwarsoor die kontinent. Die naam Antarktika het 'n Griekse oorsprong en beteken "teenoor die noorde." Mites en spekulasie oor 'n Terra Australis (suidelike land) dateer terug na die Oudheid, maar die eerste gedokumenteerde waarneming van die kontinent was deur 'n Russiese ekspedisie in 1820.





Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Waarna verlang ons Anderkanters die meeste? En waarna verlang meeste Duskanters as die lewe druk? Na ons SA-ma's se bekende kos!

Dus: Hier is nog 'n trooskos-resep, maklik genoeg ook vir die vele alleenlopers onder ons vir daardie dae wanneer jou lus uithang, maar jy nie meer jou ma kan bel om te vra : "Ma, hoe maak mens . . ?"

Boere-Mousaka

1. Sny 3 groot eivrugte met skil en al in skywe. (Laat dit eers 'n rukkie in sterk Soutwater lê.) Braai skywe in bietjie olie tot gaar en bruin beide kante. Hou eenkant.
2. Braai nou ook 500 g maalvleis, geur met sout, swart peper, tiemie en hoender-speserye.
3. Braai 3 groot uie (gekap of in ringe) tot deurskynend en goudbruin, sny 3 tamaties in en kook in tamaties se sous tot gaar.
3. In oondpan, skep nou helfte van vleis, uie en tamatiesmoor en dan 'n lagie eivrug. Herhaal lae. Hou eenkant.
4. Maak nou sowat 2 kp dik witsous. Gooi bo-oor.
5. Gerasperde kaas bo-oor is opsioneel.
6. Bak in oond op 180 °C tot mooi egalig bruin.
7. Bedien saam met slaai. Of Kapokaartappels, of rys of pasta.

Die witsous?

Maak 2 pk Potato-Bake of kaasgeur-pastasous met 500ml melk aan en gooi dit bo-oor die gereg.

OF 1. Smelt 60 ml margarien in lae kastrolletjie en roer 60 ml koekmeel by. 2. Voeg 500 ml melk stadig by. Kook en roer aanhoudend totdat die witsous dik en glad is. **OF** 1. Kook 500 ml melk en 1 tl margarien.

2. Meng 2 eetl meelblom/Maizena met bietjie melk tot pasta.

3. Roer dit by die kokende melk en roer tot dik.

Voila!

•• Mense kan self met Retha gaan gesels op haar eie werfie op Onsdorp.

Jy gaan net na die volgende adres:

<http://www.onsdorp.com/somaakmens.html>



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na Onsdorp www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

VAN BREDA GESLAGREGISTER OP CD:

Is jou taklyn ook daar?

cjvanbreda@gmail.com

Vanjaar, op 19 Julie, sal dit 290 jaar wees sedert die stamvader van die Van Breda familie in Suid-Afrika aangekom het. Die familienaam Van Breda bestaan reeds sedert ongeveer die jaar 1269.

Om hierdie twee geleenthede te gedenk het ek 'n Familiegeskiedenis en Geslagregister van die Familie Van Breda saamgestel wat binnekort as CD-boek uitgereik sal word.

Om te verseker dat jou taklyn ook daarin voorkom stuur asseblief so spoedig moontlik jou gegewens aan my.

ESTERHYSEN

annafs@zipplink.co.za

Oupagrootjie aan moederskant was Daniël Wilhelmus Esterhysen, gebore 26/02/1861, oorlede 5/10/1926. Sy tweede vrou was Isabella Maria (geb. Botha). Ek vermoed die spelling het iewers verander na Esterhuizen.

FAMILIE

► As jy nie van die familie se geraamtes in die kas ontslae kan raak nie, kan jy hulle netsowel leer om te dans. -- George Bernard Shaw

► Daar heers vrede in elke huis waar die familie nie die fout maak om saam te kom nie. -- Kin Hubbard



Doen dit self!

KAMMANUUS plaas elke keer 'n wenk wat sy lesers sal help om kostes te bespaar.

Raad hoe om blaffende honde pynloos stil te maak

Jou buurman het 'n hondjie gekoop omdat sy vrou gedink het hy lyk tog so oulik. Of dalk het hulle gedink dis die perfekte speelding vir die kinders (ouderdomme 2 en 4 jaar).

Nou is die hondjie groot, die kinders het hom klaar mishandel en niemand gaan stap met hom nie. En die arme, verveelde hond blaf nou maar om die tyd om te kry. Vir alles. Elke geluid. Elke skaduwee.

Hier is goeie doen-dit-self-raad om die geblaf stop te sit:

Sny 'n stukkie tuinslang, so ses of agt sentimeter lank. Smeer Vaseline aan en druk dit by die hond se foefenjol in. Dit verhinder hom om genoeg druk op te bou om behoorlik te blaf. Pleks van **WOEF! WOEF!** blaf hy nou net whif! whif! en dit pla nie een van die bure nie.

Probeer dit gerus ook self as jou eie hond se ontydige geblaf jou bure 'n pyn gee.

● **Is daar lesers wat 'n beter of ander raad vir blaffende honde het? Of enige ander Doen-dit-self-wenk?**

Stuur jou wenk aan pos@onsdorp.com en merk dit WENK.

Só help ons mekaar!

Jy bou nie op 'n oolfant se pad nie!



By die Mfuwe Lodge in die South Luangwa Nasionale Park in Zambië is die lodge onbedoeld op die olifante se tradisionele pad tussen wilde mangobome deur op die eiendom gebou.

Maar 'n olifant se pad is sy pad, en as hy kan deur loop, sal hy deur loop!

Die trop van 'n dosyn of wat grootvoete loop minstens twee keer per dag deur die lodge se ontvangsarea om aan bome te gaan eet.

Niemand het nog probeer om hulle óm die lodge te laat stap nie.

Daar was ook nog geen insident nie.

DIE GLAS WAT HALF IS

Vir die pessimis is die glas half leeg.

Vir die optimis is die glas half vol.

Nou is daar 'n nuwe siening: Vir die ingenieur lyk dit of daar twee keer te veel glas gebruik is.

AGTEROS

Rugby-Derby in die Swartland

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Blaas daai kêrel daai dag met Christelike erbarmlike partydigheid amper vir Malmesbury inne wen in. Gee strafskoppe vir elke reël in en buite die reëlboeke."

[Dankie Pa en oom Job Kotze: Mag julle Samou se naam hoog hou agter die Goue Pale.]

SO loop staan en gesels ek en oorle oompie Doors op 'n kol rugby. Praat ons nie Noord en Suid kinnerspeletjies nie. Gesels ons rúgby. Dorp teen dorp. Bul teen bul. Sê Oompie, "Ou Swaer, weet jy hoe naby aan vir Boland staan en speel het jou oorle pa geloop draai? Nader as jou kloof aan jou stuitjie!."

So willie ou skoon staan en opdruk lattie spankeuses van darie tyd voorie Waarheids- en Verskoningskommisie staangemaak moet word. "Ommie ongeregthged vannie spelers te loop staan en besoek aanie keurders." Weetie ou te staan en gal gorrel.

Vertellie ou van die dae toe Malmesbury en Moorreesburg - "Samouers" noem oompie Doors die Moorreesburgers - sulke jong toetsies teen mekaar loop staan en speel het. Vertel Oompie lat daai wedstryde geheel en al elf keer innie kerkalmanak geloop staan en adverteer was. "Derby" was glo in hoofletters oppie almanak geskrywe. Elf keer. Nagmaal net vier keer.

Was daar glo 'n giftige vleuel wat vir Samou tussenie karre loop staan en uitdraf het. Lang Hennerik Hanekom wassie ou se naam. Reken Oompie hulle kon hom eerder Hennerik Sweepslag geloop staan en noem het.

"Ou Swaer, as Lang Hennerik vir mens laat verbykom en so innie verbykom vir jou agter aanie jersey se kôller geloop staan en beetkry het, ennie ou loop sit soose hond wat oppie gras sit en skyt, het mens geweet dis valtyd. Hettie ou die voetbôlveld met jou geloop staan en slaan erger asse man watte tuinslang mette houspyp loop staan en bykom."

So, vertel Oompie, was daar so 'n kraakgat vleuelkje van Malmesbury wat net met Brylcream en brêg aanmekaar gesit was. Hettie mannetjie blykbaar eweveel bek as spoed gehad. Vertellie mense hoelat hierie outjie deur Lang Hennerik gaan hol soose spook deur toe waenhuisdeure.

Daai Saterdag, vertel Oompie, was daar so baie mense en mouters by daai Derby lattie karre geparkeer was van Koringberg tot by Bergrivierstasie en van Hermon af tot by Koperfontein, deuskant Hopefield. Van oraloor gekom. Dominie hettie verniet elf keer tussenie Lief en Leed oorle Derby ook geverkonning nie. Was glo oppie Ring se sittings ook voorbrand loop maak. Sinode het ookie wind gevang.

Van Wellington tot Worcester, Onseepkans tot Onrusrivier, Grahamstad tot Graaff - Reinet, Kaapstad tot Kakamas, Hermanus tot Hoopstad, Paarl tot Pampoenpoort. Net mênens waar jy kyk, verkoop Oompie die storie vir heilige waarheid.

"Ou Swaer, die spul was gewigtiger as daai tyd wattie Doppers en Gatjeponners mekaar geloop staan en los het. Gryp oorle Dok Daantjie Craven persoonlik in. Stel onpartydige skeidsregter aan. Voorsitter van Aurora se kerkraad.

"Blaas daai kêrel daai dag met Christelike erbarmlike partydigheid amper vir Malmesbury inne wen in. Gee strafskoppe vir elke reël in en buite die reëlboeke. Téén Samou. Assitie is vir wind verlaat innie losskrum nie, issit vir lemoenslike oppie gras loop staan en gooi met halftyd of kouse wat oorle toks afsak, maar blaas, bláás daai man. Klink later kompleet offie stomme donner loop staan en asemhaal deurie fluitjie!"

"Vannie afskop tot lat hy eindfluitjie loop staan en speel, smaakit vir my was daar net drie keer wattie fluitjie nie geraas hettie. Halftyd, toe die ou loop staan en lemoen vreet, skuins ná halftyd toe die ou sy veters loop staan en vasmaak en hyrie fluitjie virrie vlagman gegee het om vas te hou, en daai keer toe Samou se kaptein hom

mettie bôl teenie kop loop staan en gooi het. Oorlat hy so tyrig en ontyrig loop staan en blaas. Vallie ou se fluitjie met valstanne en al innie sand."

Twee minute voorlat die 80 minute uitloop, loop glip daai Brylcream Blits verby Lang Hennerik. Lykit offie ou loop staan en stilstaan het. Sny Blitsie virrie hoekvlag. Loop vlie daai Lang Hennerik daar weg. Soose windhond mette snuf rooijakkals innie neusgate.

"Moes die mannetjie vir Hennerik hoor aankom het. Vyf tree vannie doellyn toe loop staan en duik hy met so 'n boog. Hangie skuim oppie Malmesburgers se moute soosie kleed oor Tafelberg. Vierie manne die nuwe hoeners nog voorlat die kuikens dop gepik het. Puur verniet."

Vertel Oompie, lat toe daai man so oor die doellyn boog, loop lek Lang Hennerik sy twee voorvingers nat vir beter klou. Haak hy die man agter aan sy kôller. Wen die kôller op mettie twee natgelekte vingers. Loop sit hy mettie man daai honnesit van hom. Sweep hy met hom slag.

"Ou Swaer, so loop haal Hennerik vir Brylcream uit sy boog uit en loop gooi hy vir hom oppie kwartlyn. Oorie kantlyn. Verdwyn daai spoedmannetjie inne wit kalkwolk tussen die mense oppie kantlyn in."

Blasie broer skeidsregter die finale oordeelsgeskal. Loop staan en wen Samou daai dag 10 – 9. Sêrie antie, by wie die misdrukker loseer het, lat dit vir haar veertien dae en drie steen boerseep gekos het ommie kalk uitie klong se swart voetbôlbroekkie uit te was."

**Nog net 13 slabies voor jou volgende
Kammanuus - op 18 Mei. Byt vas!**